



Opsomming van vernaamste huisreëls van Negester Klein-Kariba Huiseienaarsvereniging

Hierdie dokument is slegs 'n opsomming van die vernaamste huisreëls en vervang nie die amptelike dokumentasie in hierdie verband nie. Die *Memorandum of Incorporation*, wat onder andere die volledige stel HEV-huisreëls bevat, is by die HEV-kantoor, die prokureur Pierre Marais en op die Negester Klein-Kariba webtuiste (onder dokumente) vir verdere insae beskikbaar.

Ontwikkelingsopsies, landskapering en estetika

- Goedkeuring moet van die Negester Estetiese Komitee (NEK) verkry word vir enige eksterne toevoegings of variasie van voorgestelde bouriglyne en/of beskikbare plan opsies.
- Geen heinings of mure mag opgerig word nie, behalwe soos deur NEK goedgekeur.
- Karavane, bote, sleepwaens, gereedskap, masjinerie, voertuigonderdele en hondehokke mag nie van die pad af sigbaar wees nie en moet afgeskerm wees van aangrensende eiendom.
- Die ontwikkeling van 'n private tuin of oop area moet ooreenkomstig die Negester Klein-Kariba Landskaperingriglyne (2016) geskied.
- Eienaars/inwoners is verantwoordelik vir onderhoud van hul private tuine asook die sypaadjies) aangrensend aan hul eiendom.
- Wasgoed mag slegs op wasgoeddrade gehang word wat afgeskerm is van die straat en naburige eiendomme.

Gebruik van interne paaie en voertuie

- Alle paaie word geag openbare paaie te wees en Suid-Afrikaanse verkeersregulasies is van toepassing op alle padgebruikers en die HEV behou hom die reg voor om spoedbeperkinge af te dwing en verkeerstekens op te rig.
- Geen parkering sal toegelaat word in die straat of op voetpaadjies nie.
- Geen inwoner sal toegelaat word om herstelwerk aan sy/haar motor te verrig op private eiendom of oop areas nie.
- Die gebruik van vierwielmotorfietse (quad bikes), motorfietse en bromponies word nie op die dorpsgebied se paaie toegelaat nie.
- 'n Voertuig se toeter sal slegs gebruik word as 'n waarskuwingsein vir ander padgebruikers.

Troeteldiere

- Geen pluimvee of lewende hawe word op die landgoed toegelaat nie.
- Behuising vir troeteldiere mag nie van die straat af sigbaar wees nie.
- 'n Maksimum van slegs een hond en /of een kat per woning word toegelaat. Die maksimumhoogte van 'n hond mag nie 40cm oorskry nie.
- Elke troeteldier moet 'n halsband met sy naamplaatjie dra (met tel. nr. en naam van eienaar en troeteldier daarop).
- Troeteldiere moet altyd in openbare areas aan 'n leiband wees.
- Troeteldiere word nie toegelaat om vry in die landgoed rond te loop nie.
- Eienaars moet onmiddellik ontlasting van hulle troeteldiere uit openbare area verwyder.
- Eienaars word versoek om hul troeteldiere in toom te hou sodat dit nie die bure sal steur of wilde diere verwilder nie.
- Eienaars van die troeteldier is verantwoordelik vir enige skade wat deur die troeteldier aangerig word.

- Besoekers mag een troeteldier saambring. Die eienaar sal volle verantwoordelikheid vir die besoeker se troeteldier aanvaar.

Vullisverwydering

- Eienaars/inwoners moet hul eie vullishouer in 'n higiëniese toestand hou.
- Eienaars/inwoners mag huishoudelike/tuinafval slegs uitsit op die dag wat dit verwyder word. (Verwydering van huishoudelike/tuinafval vind tans op Dinsdae plaas.)
- Vullis moet in 'n vullisdrom en in 'n stewige plastieksak geplaas word om hantering te vergemaklik en vermorsing te verminder.

Straatname, huisnommers en naamborde

- Slegs straatname, huisnommers en naamborde deur die HEV goedgekeur, mag vertoon word.
- Eienaars/inwoners mag geen advertensie- of kennisgewingborde op hul eiendom plaas nie.

Berging van vlambare materiaal en gevaarlike handeling

- Geen vuurwerke of afvuur van vuurwapens word toegelaat nie.
- Geen verfbal, windbukse of -pistole mag op landgoed afgevuur word nie.
- Geen materiaal mag op 'n eienaar se eiendom of gehuurde eiendom gestoor word wat 'n bedreiging of gevaar mag inhou vir die omgewing, 'n persoon, private- of gemeenskaplike eiendom nie.

Bestuur van geraas

- Slegs kragopwekkers gemonteer in 'n klankdigte vertrek en toegerus met 'n knaldemper, mag gebruik word.
- Volume van musiek-/elektroniese instrumente moenie op so 'n wyse gespeel word dat dit 'n oorlas vir inwoners van naburige eiendomme veroorsaak nie.
- Die gebruik van enige toerusting (insluitend grassnyers en krag gereedskap), wat 'n inbreuk kan maak op die rustigheid van die landgoed, is verbode op 'n Sondag en word verder beperk tot 07h00-18h00 op weekdae en Saterdag.
- Oormatige lawaai tydens private sosiale gesellighede word nie toegelaat nie; geen lawaai ná 23:00 nie.

Algemeen

- **Private eiendom:** Private eiendom mag slegs vir huisvesting gebruik word en geen sakebedrywighede sal toegelaat word nie, tensy goedkeuring van die HEV verkry is.
- **Private gesellighede:** Geen gesellighede of samekomste sal op publieke- of oop areas toegelaat word sonder die HEV se goedkeuring nie.
- **Verhuring:** Eiendom mag slegs verhuur word aan kwalifiserende persone en huurders moet voldoen aan die gedragsreëls hierin uiteengesit.
- **Besoekers:** Eienaars/inwoners is verantwoordelik vir die gedrag van hul besoekers en hul besoekers moet aan die intekenprotokol voldoen.
- **Toegangsbeheer:** Inwoners, besoekers, tuin- en huiswerkers moet die toegangsbeheerprotokol nakom en is ook onderworpe aan die reëls en regulasies van die landgoed. Alle tuin- en huiswerkers moet oor die nodige wettige dokumentasie beskik alvorens hulle tot landgoed toegelaat sal word.
- **Sekuriteit:** Die bestuur van die landgoed sal alles in hul vermoë doen om inwoners se veiligheid te verseker, maar elke inwoner bly steeds verantwoordelik vir sy/haar eie veiligheid.
- **Versekering:** Eienaars is verantwoordelik vir die geboue- en huisinhoudversekering, asook vir die versekering van hul motorvoertuie en ander bates. Geboue-/strukturele versekering is verpligtend.
- **Brandblusser: Elke huishouding moet oor ten minste een brandblusser – soos deur die HEV gespesifiseer – beskik. (Expert Technico Services Bela-Bela; Tel. No: 014 736 2259)**
- **Vure:** Maak van oop vure, behalwe in aangewysde of goedgekeurde areas, is verbode en alle inwoners moet ten alle tye die nodige stappe neem om die ontstaan of verspreiding van vure te verhoed.

- **Rommel:** Geen rommel mag binne die landgoed gestrooi word nie.
- **Plaagbeheer:** Eienaars/inwoners moet hul eiendomme vry hou van ongewenste insekte en ander plae.
- **Swaarvoertuie:** Ten einde skade aan tuine, paaie en randstene te voorkom, is daar is 'n maksimum gewig van toepassing op vragdraende swaarvoertuie (bv. meubelwaens, vragmotors wat boumateriale vervoer, ens.) wat die landgoed, vir watter rede ook al, binnekom.
- **Maste en pale:** Die oprig van enige mas of paal – vir tegnologiese of ander gebruik – wat van die pad sigbaar gaan wees, moet eers deur die NEK of HEV goedgekeur word.
- **Boorgate:** Geen boorgat mag vir eie gebruik gesink word nie.
- **Watergebruik:** Water moet ten alle tye spaarsamig en verantwoordelik gebruik word.
- **Waterlesing:** Negester Klein-Kariba beskik oor 'n waterlesingstelsel waar die eienaar sy/haar lesing maandeliks per SMS aan die HEV-kantoor moet aanstuur.
- **Prosedure met waterlesing:** Op die 20ste van elke maand gaan eienaars 'n SMS ontvang wat lees: "Goeiedag, kan u ASB u watermeterlesing deurstuur voor die 25ste vir Erf xyz. HEV Negester." Die SMS is 'n 087 nommer en sal om en by 09:00 deurkom. Die lesing moet as volg deurgestuur word: Slegs die wit nommers (geen nulle) en die eerste drie rooi nommers moet gelees word.
- **Elektrisiteit:** Die voorsiening van elektrisiteit werk met 'n koopkragmeter (pre-paid meter). Elektrisiteit kan op die internet of by Shell-, Engen-vulstasies, Pick-'n-Pay en kitsbanke aangekoop word.
- **Toegang tot ATKV Klein-Kariba Vakansieoord:** Eienaars/inwoners word aangeraai om hulself te vergewis van die reëls en riglyne vir toegang tot die ATKV-Klein-Kariba Vakansieoord.
- **Herverkoop van eiendom:** Die koper koop 'n eiendom wat onderhewig is aan die grondwet en die reëls van Negester HEV. Die verkoper se eiendomsagent mag slegs van 'n herverkoopkontrak gebruik maak wat deur die HEV goedgekeur is.
- **Oortredings:** Alle oortredings van bogenoemde huisreëls moet aan HEV-kantoor, of die sekuriteitspersoneel indien die administratiewe beampte nie beskikbaar is nie, gerapporteer word.
- **Boetes:** Met die oortreding van enige huisreël behou die HEV-direksie, óf gevolmagtigde partye, hulself die reg voor om boetes van tot R5 000 aan oortredende inwoner(s) te hef.
- **Dispuutresolusie:** Hantering van dispute wat in terme van die HEV-huisreëls mag ontstaan, sal volgens die prosedure voorgeskryf in *Memorandum of Incorporation*, klousule 5.12 (pp. 30 tot 32) hanteer word.



Datum opgedateer: 2022-03-01